



LAERSKOOL FRANS CONRADIE

Jou potensiaal is ons ideaal!

☎ 041-9335135

✉ ontvangs@fransconradie.co.za

📍 Dagbreekstraat, Despatch

Geagte Fransie-ouers

15 Januarie 2025

Baie welkom terug na 'n welverdiende vakansie. Spesiaal ook aan ons nuwe Fransieleerders en ouers. Mag u 'n vreugdevolle tydperk saam met die Fransiefamilie beleef. Ons glo dat u elkeen hierdie rustyd geniet het en aandag gegee het aan dit wat soms agterweë gelaat word in die besige skedules van die alledaagse lewe. Ons wens u 'n voorspoedige 2025 toe!

Ek vra dat u my soos verlede jaar asseblief sal ondersteun en dat ons saam 'n grootse poging sal aanwend om hierdie jaar wat voorlê suksesvol aan te pak en ons skool na hoër hoogtes te neem.

Dit is 'n nuwe jaar, met nuwe uitdagings, maar ook groot opgewondenheid oor dit wat hierdie jaar vir ons gaan inhou. Ons hoogs bekwame en passiewolle onderwyserkorps kan nie wag om met u kind te begin werk nie. Vir elke onderwyser by ons skool is sy beroep sy roeping en die geheelkind die doelwit waarna ons streef. Elke leerder se potensiaal is inderdaad ons ideaal.

Hier volg belangrike inligting sodat ons 'n georganiseerde en veilige omgewing vir ons leerders kan skep waar optimale onderrig en leer kan plaasvind. Neem asseblief die tyd en lees die omsendskrywe.

1. Skooldfonds

Hierdie sal altyd 'n turksvy wees, maar ongelukkig is die suksesvolle voortbestaan van ons geliefde skool hiervan afhanklik. Ons kan nie die standaard van wat ons bied handhaaf as ons nie die nodige skooldfonds ontvang om onderhoud, onderwysers, leermateriaal ens. te dek nie. Betaal asseblief u skooldfonds as u dit kan bekostig, of doen aansoek om kwytstelling as u dit nie kan bekostig nie. Dit is noodsaaklik dat die betaling van skoolgeld prioriteit moet wees. Bestudeer ook asb. weer die **Begrotingsbrief wat op 13 November 2024** aan alle ouers gestuur is. Ons sal dit weer op die WA-groepe ook plaas.

- **R1380/maand** oor 12 maande waarvan die **1ste maand** se paalement **verplichtend** is ongeag kwytstellingstatus.
- Alle leerders van graad RR – 7 moet die skool asb. van **twee** rieme afrolpapier voorsien (1 voor einde Januarie en 1 voor einde Junie).
- Alle leerders van graad 4 – 7 moet voor die einde van Januarie **een** eksamenblok voorsien.
- Ons versoek dat u sover moontlik **EFT betalings** sal doen.
- Bankbesonderhede met verwysing:
Laerskool Frans Conradie
ABSA Bank Rek. Nr.: 4056649218
Takkode: 632005
Verwysing: Oudste kind se naam, van en graad
- Ouers met leerders in Gr. 1 tot 7 wat vir kwytstelling kwalifiseer, moet voor einde Januarie 2025 daarvoor aansoek doen. Indien u finansiële posisie deur die loop van die jaar verander moet u asseblief die kantoor daarvan in kennis stel.
- Kwytstelling tree onderhewig aan goedkeuring, eers in werking met datum van goedkeuring.
- Neem asseblief sorg dat hierdie **aansoeke volledig** gedoen word.

2. Skooltye

- Skool begin vir Gr RR-7 om 07:35
- Skool verdaag Maandag tot Donderdag:

Graad RR/R	12:15
Graad 1-3	13:15
Graad 4-7	13:45
Graad RR-2	12:00
Graad 3	12:45
Graad 4-7	13:15

- Skool verdaag Vrydae:
- | | |
|------------|-------|
| Graad RR-2 | 12:00 |
| Graad 3 | 12:45 |
| Graad 4-7 | 13:15 |

- Pouse:

09:40-10:00 en 12:00-12:15

LET WEL: Die eerste skoolweek van die jaar verdaag Gr RR-2 om 12:00 en gr 3-7 om 13:00, so ook die eerste skooldag van elke kwartaal.

3. Klere drag

- Die skooldragreëls sal volledig met die leerders bespreek word deur die klasonderwyser asook aan die ouers deurgegee word by die onderskeie oueraande. Merk asseblief u kind se klere en besittings.
- Frans Conradie LO-drag word vereis tydens Liggaamlike Opvoeding soos op die roosters aangedui is.
- Streng hare-, klere- en naelinspeksies sal maandeliks gedoen word
- Die dogters en seuns mag geen armbandjies dra nie.



4. Afwesigheid

- Stel asseblief die klasonderwyser in kennis as u kind vir enige rede nie teenwoordig by die skool gaan wees nie.
- 'n Doktersbrief moet ingehandig word wanneer die leerder weer terugkeer skool toe.
- Volgens die Departement van Onderwys se beleid moet leerders wat langer as 10 dae sonder die nodige bewyse afwesig is, van die skoolregister geskrap word en sal so 'n leerder dus van vooraf moet aansoek doen tot toelating.
- Die DBO beklemtoon die feit dat leerders wat langer as 20 dae in 'n jaar afwesig is, die skooljaar moet herhaal (dit word ook van ons verwag om die welsyn/owerhede te betrek om ondersoek in te stel na die omstandighede). Neem dus asb. verantwoordelikheid en sorg dat u kind by die skool is.

5. Selfoon

- Selfone is die euwel van ons tyd; u as ouer moet dit by u kind asseblief deeglik kontroleer.
- Selfone moet afgeskakel wees wanneer leerders die skoolgrond betree.
- Slegs met toestemming van die onderwyser mag 'n leerder dit aanskakel en 'n noodoproep maak.
- Onderwysers mag ook nie selfone in klastyd gebruik nie, behalwe onder opdrag van die hoof, vir persoonlike krisisse en uitsonderlike gevalle.
- Selfone mag slegs deur personeel gebruik word tydens pouses of adminperiodes. Ouers wat boodskappe aan die personeel stuur tydens skoolure, moet wag om 'n antwoord te kry totdat die onderwyser 'n adminperiode het of wanneer dit buite werksure is. Ouers kan die skool se ontvangs kontak of 'n e-pos stuur indien daar iets dringend is. Die personeel het 'n terugvoertydperk van 24 uur en hoef nie onmiddellik te reageer nie. Onderwysers sal ook nie tussen 17:00 en 07:00 boodskappe aan ouers stuur nie, respekteer dan ook asseblief hierdie tyd as gesinstyd vir onderwysers en kommunikeer met hulle buite hierdie ure. Beperk asb. naweekboodskappe tot die dringende en noodsaaklike.

6. Boeke

- Handboeke raak onbekostigbaar duur.
- Graad 4 – 7 leerders se **handboekverhuringsfooi van R300** moet asseblief voor die einde van Januarie betaal word.
- Pas asseblief die handboeke op, vervangingswaarde van handboeke wat verlore of beskadig word is R300/handboek.

7. Sport en kultuur

- Moedig deelname aan, 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.
- Ons versoek dat elke leerder minstens aan een somersport en een wintersport moet deelneem.
- Wees betrokke, ondersteun en straal positiwiteit uit.
- Ons verwag ook dat daar goeie gedrag van leerders en ouers by sportgeleenthede sal heers en dat ware sportmanskap sal seevier.
- Soos op die kwartaalprogram, gaan daar verskeie demonstrasies gelewer word waaraan ons kinders ekstra kan deelneem aan aktiwiteite wat deur buite-instansies aangebied word.

8. Slaagvereistes

- Akademie se slaagvereistes word deur die Departement van Onderwys aangepas deur die jaar.
- Gr. R-3 kwartaal 1-4 = 100% SBA, Gr 4-6 kwartaal 1,2 en 3 80% en kwartaal 4 'n gewig van 20%, Gr. 7 = 60/40.
- In Afrikaans moet 'n minimum van 50% behaal word en in Wiskunde en Engels 40%.

9. Dissipline

- Gedrag en dissipline is 'n saamwerkpoging tussen ouers en die skool (soos per WA-boodskap wat reeds gestuur is).
- Die skool is net 'n verlengstuk van u dissipline by die huis. U is die kind se eerste en belangrikste onderwyser, ons kan net voortbou op die fondament wat u by die huis lê.
- Vat ons hande en werk saam, teken die nodige dokumentasie wat huis toe gaan en praat gereeld met u kind oor die belangrikheid van goeie gedrag.
- Herhaaldelike oortredings en ernstige oortredings kan daartoe lei dat so 'n leerder ontnem word van sekere voorregte en kan selfs tot 'n verhoor en skorsing lei.
- Dissipline is noodsaaklik vir 'n geordende en veilige onderrig- en leeromgewing.

10. Veiligheid en sekuriteit

- Ter wille van ons leerders, opvoeders, werknemers en besoekers se veiligheid binne die skoolgebou en op die skoolterrein, pas ons effektiewe kontrole en beheer toe sodat effektiewe en veilige onderrig kan plaasvind. Let daarom op die volgende:
- Daar is 'n Laatomregister by ontvangs wat deur die persoon wat die leerder aflaai, voltooi moet word indien die leerder nie betyds vir skool is nie.
- Daar is 'n Uittekenregister by ontvangs wat voltooi moet word vir leerders wat vroeër as die amptelike skoolure gehaal word (toestemming hiervoor is egter noodsaaklik).
- Elke graad speel in afsonderlike speelareas waar daar elke pouse 'n aangewese personeellid en prefek aan diens is.
- Laai asseblief u kind betyds en stiptelik op na skool en sport, dit is baie onveilig en gevaarlik vir die kind om alleen by die hek te wag. Dit is ook baie onregverdig om van die onderwyser te verwag om by die kind te bly totdat hy/sy opge-laai word (15 minute is die maksimum of kontak die onderwyser en tref 'n reëling).
- Kragtens die Regulasie vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare skole soos vervat in wetgewing, word veiligheids-



- prosedure daargestel om maksimale veiligheid en sekuriteit binne die skoolsituasie te bied.
- Streng toegangsbeheer sal gehandhaaf word.
 - Geen ouers of besoekers word in die skoolgebou, voorskool of gedurende die skooldag, sonder die nodige toestemming toegelaat nie.
 - Daarom het die skool sigbare kennisgewingborde aangebring wat versoek dat alle besoekers en ouers by die kantoor/ontvangs moet aanmeld.
 - Alle toegangshekke, behalwe die hoofingang, sal 07:35 gesluit word.
 - Alle buitedeure wat toegang tot die skool bied sal tydens onderrigtyd gesluit wees.
 - Ouers wat leerders afhaal vir, of terugbring na afspraak, moet by die kantoor aanmeld en die uit/inteken register invul.
 - Ouers mag nie direk na die klasse beweeg en leerders daar afhaal of onderwysers gaan spreek nie.
 - Die onderskeie grade se verdaagtye en hekke word soos aangedui hieronder, oopgesluit en die onderskeie grade moet by die spesifieke hekke die skool betree en verlaat (verdra en respekteer asseblief hierdie reëling).

Gr	Leerders verdaag Ma-Do:	Hek oop: Ma-Do	Leerders verdaag Vrydag	Hek oop: Vrydag	Watter hek?
RR en R	12:15	12:15	12:00	12:00	Klein hekkie Westekant
1 en 2	13:15	13:15	12:00	12:00	Klein hekkie Oostekant
3	13:15	13:00	12:45	12:30	Groot hek by parkeerarea
4, 5, 6 en 7	13:45	13:00	13:15	12:30	Groot hek by parkeerarea

- Gebruik slegs die hek van die betrokke graad.
- Eksamentyd word die groot hekke 11:45 oopgesluit en al die ander hekke om 11:55 (sien punt 2 – eerste week tye).

11. Sosiale media

- Ons handhaaf 'n oopdeurbeleid, dus kom praat met ons as u ongelukkig is oor iets.
- Dink mooi voordat u die oorhaastige media-roete wil volg om u ongelukkigheid te kenne te gee, want ons skool se beeld ly onnodig skade (sosiale media kan u nie help met die probleem nie).
- Tegnologie veroorsaak dat mens onmiddellik wil reageer voordat 'n saak en gebeurte eers mooi deurdink is, en sonder dat die nodige feite bekom is.
- Fokus op die positiewe.
- Deur beskaafd en opgevoed met mekaar te kommunikeer en deur wedersydse respek te openbaar, kry u ware inligting en word probleme rustig opgelos sonder dat enige party skade ly.
- Volg ons op Facebook, Instagram, TikTok en Laerskool Frans Conradie se webblad.
- **Bestudeer en voltooi asseblief die meegaande skrywes (2) rakende die POPI-wetgewing en stuur dit terug na die klasonderwyser** (u gee hiermee toestemming dat ons fotos ens. van u kind mag gebruik en da tons u persoonlike inligting met versigtigheid moet hanteer).

12. Skool-etos

- Ondersteun ons in ons poging om die karaktereienskappe van 'n goeie landsburger by die leerders te vestig.
- Respek vir alles en almal is van kardinale belang.
- Ons skool se leuse is "Waarheid" en dit wil ons graag ook uitleef in alles wat ons doen.

Verlede jaar se tema was **"Morele herlewing: Reëls vir 'n goeie samelewing"**. Dit sal deel bly van ons daaglikse taak. Jesus bly ons anker en niks sal ons aanpak sonder om Sy wil daarin te soek nie.

Ons tema vir hierdie jaar is **"Fransies trots Afrikaans!"**. Afrikaans is ons taal van onderrig en leer, die taal waarin ons die Here loof en prys en ons taal word ook hierdie jaar amptelik 100 jaar oud.

13. Ouer-inligtingsaand

- Die ouer-inligtingsaande word, soos op die kwartaalprogram aangedui, oor verskillende aande vir verskillende grade gehou.
- Probeer asseblief hierdie geleentheid bywoon om ingelig te wees van wat vereis word in die spesifieke graad van u kind, maar ook om die onderwyser te ontmoet en belangrike inligting onder hul aandag te bring.

14. Voorskrifmedisyne

- Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om die betrokke klasonderwyser skriftelik in te lig oor voorskrifmedisyne wat u kind moet ontvang.
- Voltooi asseblief die brief wat u binnekort sal ontvang.

15. Protokol

- Vergun my asseblief die volgende vriendelike, dog ernstige versoek aan u te rig.
- Soms gebeur dit dat leerders meningsverskille het, baklei of net "lelik" is met mekaar. Dit ontstel die betrokke leerder, ouer en vir seker ook, die leerkrag.
- Volg asseblief die regte protokol vir enige probleem. Begin altyd eers by die klasonderwyser. As u nie bevredigende antwoorde ontvang nie beweeg u na die Departementshoof, daarna die Adjunkhoof en dan die Skoolhoof.
- Volg die volgende stappe:
- Luister mooi na u kind se weergawe van gebeurte.
- Vra of die onderwyser bewus is van die voorval.



- Indien u steeds ongelukkig is oor die hantering van die saak, kontak asb. die klasonderwyser en vergewis u van al die feite.
- Die onderwyser sal verdere stappe doen indien die saak nie na albei partye se wense opgelos is nie.
- Onder geen omstandighede mag u enige betrokke leerder of ouer direk konfronteer nie. Dit mag nie gebeur nie.
- Die saak moet asseblief deur die korrekte skoolgedragshanteringskanale gaan, om opgelos te word.
- Daar is egter gevalle waar die aard van die saak die onmiddellike intrede van senior personeel noodsaak.

16. FOV

- Die leerderraad vir 2025 se ouers vorm die Fov-vereniging vir hierdie jaar.
- Enige een is egter welkom om deel te wees van die vereniging.
- Fov is verantwoordelik vir die fondsinsamelings van ons skool.
- Dit is baie harde werk en ons vra dat u hulle asseblief ruimhartig sal ondersteun, dit is tot voordeel van ons almal.
- Verskeie projekte word deur die jaar aangepak. Sommige verskyn op die kwartaalprogram en ander sal voortydig met u gekommunikeer word. Opwindende projekte is reeds in beplanning.
- Ons as Fransies waardeer elke poging wat hul aanwend tot voordeel van die leerders van ons skool.

17. KLUB 50

- Klub 50 (geen verwysing na ouderdom nie) is ook 'n fondsinsamelingvereniging waar daar elke 2de maand op 'n gesellige wyse bymekaar gekom word in die klubhuis.
- Hier word lekker gekuier en gesels en gaan mens partykeer met meer geld huis toe as waarmee jy gekom het.
- Meer inligting hieroor sal volg. Ondersteun dit asseblief en word 'n Klub 50 lid.
- Die eerste Klub 50 bymekaarkoms is geskeduleer vir Woensdag, 26 Februarie 2025. Sien u daar!!

18. Robotika en Kodering

- Robotika en kodering word deur mnr. Mattheus by ons skool gedryf en aangebied vir leerders vanaf Gr RR tot 7.
- Dit word ook vir belangstellende leerders na normale akademiese skoolure deur Young Engineers aangebied. Indien u egter meer hiervan wil weet moet u Woensdagaand, 22 Januarie 2025 om 18:30 in die klubhuis wees. Hier sal u meer inligting rakende kostes ens. tydens hul demonstrasie ontvang.

19. Nasorg

- Ons skool beskik oor uitstekende Nasorg. Skakel asseblief die kantoor indien u meer inligting verlang.

20. Ouer- en leerderdata

- Die inligting soos verlang op die registrasie-/inskrywings-/SASAMSvorm is baie belangrik en word benodig om, soos die Departement van Onderwys vereis, die SASAMS-rekenaarprogram op datum te hou.
- Indien enige van hierdie inligting deur die loop van die jaar verander moet u asseblief die kantoor per e-pos daarvan in kennis stel by accounts@fransconradie.co.za.

21. Kommunikasie

- Soos nodig word daar 'n weeklikse stembodskap deur die skoolhoof op Vrydae via die Whatsapp-groepe gestuur.
- Volg ons op Laerskool Frans Conradie se Instagram, TikTok en Facebook en ook ons Webblad.
- Kwartaallikse omsendskrywes sal aan u gestuur word.
- Graadgroepe se Whatsapp boodskappe.
- Telefonies (0419335135), e-pos (ontvangs@fransconradie.co.za).

Laastens maar nie die minste nie, baie welkom aan ons nuwe interne studente, me. Kelly Gouws en mnr. Danie Hugo asook mev. Blanche Timms as graad 1 leerkrag, mnr. Innocent Blou as terreinwerker en me. Meagan Boshoff by ons Nasorg. Mag julle sommer gou deel voel van die Fransiefamilie en saam met ons 'n positiewe verskil maak.

Neem asb. kennis van die kennisgewing wat saam met die leerders huis toe gaan rakende die beheerliggaam se tussenverkiesing wat op 22 Januarie 2025 plaasvind vir 'n vakante posisie in die ouerkomponent.

Baie dankie vir die geduld met die lang skrywe, maar ons wil graag hê dat elkeen deeglik bewus moet wees van die sake rakende ons skool en om so min as moontlik misverstande te hê.

Kom ons as Fransiefamilie dra ons skool se positiewe beeld na buite, trotse Fransie-ouers, -leerders en -onderwysers. Kom ons gee om vir mekaar en respekteer mekaar. Ons pak hierdie jaar aan en maak dit 'n jaar om nie te vergeet nie, en ons doen dit in volle afhanklikheid van ons Here se genade. Ons kinders is ons hoogste prioriteit en alles wat ons doen, doen ons tot hul voordeel en tot eer van die Here. Laerskool Frans Conradie is ONS skool, kom ons maak 'n verskil! Ons is trotse Fransie waar die WAARHEID altyd seëvier!

Sterkte vir 2025

Trotse Fransiegroete.

ZJ GROBLER

Skoolhoof

Omsendskrywe 1/2025

(I KORINTHIËRS 13:1 "Al praat ek die tale van van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.")

15 Januarie 2025



4/4